

# Ontmoeting 16

# Gebed soos Jesus sy dissipels geleer het

Lukas 11 en Matteus 6

Hulpmiddels:

- \* 3 boeke: 'n groot, dik boek; 'n skoolhandboek en 'n klein dun boekie
- \* Vergroting van "Onse Vader" (sien onder "Woord" en "Werskaft")
- \* Praatborrel kopieë
- \* Papier en kryt

*Ons wil by Jesus leer bid.*



## WELKOM

**Speel:** "Simon sê". Die leier gee opdragte, maar die kinders mag dit net uitvoer as hy sê: "Simon sê". Opdragte wat nie deur Simon gesê word nie, word geïgnoreer. Kies eie opdragte soos: "Simon sê: Vat aan jou oor." Saartjie sê: "Vat aan jou knie." (Dit sluit aan by die gedagte dat wat Jesus sê vir ons belangrik is.)

**Liedere:**

- ♦ "Van kop tot toon" (Kinderlof 2 nr 26)
- ♦ "Ek's so bly ek behoort aan Jesus" (Kinderlof 2 nr 11)
- ♦ "Meer en meer soos Jesus" (Kinderlof 2 nr 31)



## WYDING

**Temalied:** "Ek wandel in die lig van God"

**Stilword-ritueel:**

Gaan lê op jou rug sonder dat jy aan enigiemand raak. Maak jou oë toe en luister na die geluide rondom jou. Konsentreer net op een van die geluide. As jy mooi luister, sal jy ook agtergrond geluide hoor. Dit is geluide wat verder weg en 'n bietjie sagter is. Jy hoor dit gewoonlik nie dadelik nie. Kyk of jy een agtergrondgeluid ook kan hoor.

Bly net so lê en hou julle oë toe.

*"Verbeel jou jy is een van Jesus se dissipels (stilte) ... Julle is saam met Jesus in die veld ... Skielik besef jy "Jesus is nie meer by ons nie" ... Jy kyk rond ... en dan sien jy Hom eenkant sit ... Jy sien Hy bid ... en jy dink by jouself: "Ek wens ek kan soos Hy bid" ... Jy wag vir Hom om terug te kom ... Hier kom Hy nou terug ... Hy gaan weer by jou kom*

*sit ... Nou kan jy vir Hom vra: ... "Here, leer my bid ..."*

Kom ons maak ons oë oop.



## WOORD

Hoeveel moet mens weet om te kan bid? Hoeveel moes die dissipels by Jesus leer om te soos Hy te kon bid? Kom ons kyk wat julle dink.

*Haal 'n dik boek, 'n skoolhandboek en 'n dunnerige boekie uit.*

*Hou die dik boek op en vra dat almal wat dink mens moet omtrent soveel leer oor gebed om regtig te kan bid, moet hande opsteek.*

*Lig nou die skoolhandboek op en laat hulle weer hande opsteek en doen dit ook met die dun boek. Wat was die groep se keuse?*

Kom ek wys vir julle wat het Jesus vir sy dissipels geleer. Wys vir hulle *Matteus 6: 5-15* in die Bybel. Hierdie is Jesus se woorde. Dit was Sy antwoord toe Sy dissipels Hom gevra het om hulle te leer bid. Ons wil soos die dissipels vra: "Here leer ons bid." Kom ons lees wat het Jesus hulle geleer.

*Matteus 6: 9-13* "En Hy sê vir hulle: "Wanneer julle bid, sê dan: Ons Vader, wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word; laat U koninkryk kom; laat U wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredings soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose."

*Julle het dit mos al gehoor. Julle ken die gebed. Nou weet julle dat dit Jesus se eie woorde is.*

Ek dink ons moet dit nou ons eie maak. Ons gebruik mooi bewegings saam met die gebed. Kom ek wys julle hoe.

*(Gebruik die prente aan die einde van die les om die gebed aan te leer.)*

**Die kinders dink na oor die verhaal:**

- ♦ Ek wonder van watter deel van die verhaal het jy die meeste gehou.

◇ Ek wonder watter deel van dit wat ons geleer het, is vir jou die belangrikste.

◇ Ek wonder wat jy nou graag vir Jesus sou wou sê.




## WERSKAF

⇒ Maak 2 uitdeelstukke, een met die woorde van die "Onse Vader" en een met die prente van die bewegings wat pas by die gebed. Die kinders kan kies of hulle die prente by die woorde wil teken of die woorde wil inskryf by die prente.

⇒ Verf, kryte en papier om op te verf of teken.

⇒ Prent van 'n mannetjie met 'n praatborrel waar-in hulle 'n gebed kan skryf.

Sluit af met die seënbede.



Ons Vader wat  
in die hemel is,  
laat u Naam  
geheilig word;



laat u koninkryk  
kom;



laat u wil ook op  
die aarde geskied,



net soos in  
die hemel.



Gee ons  
vandag ons  
daaglikse  
brood;



en vergeef ons ons  
oortredings soos ons  
ook dié vergewe wat  
teen ons oortree;



en laat ons nie in  
versoeking kom nie  
maar verlos ons  
van die Bose.



Aan U behoort die  
koninkryk, die krag  
en die heerlijkheid



tot in ewigheid.  
Amen.